# REVOLUSIE IN DIE ETIEK

1. Watter moeite het ons tog met die momentum, die voortwenteling van die wetenskaplike gedagtes van die huidige dag. Die rus is bepaald nie hier in die „ondersonse" nie. Ons het tog maar hier te doen met 'n lewe onder die sonde, met 'n lewe wat niks anders is as 'n gestadige dood nie. Vandat die Skrif se eerste vers spreek van „In die begin", het daar iets ontstaan en in die ‚iets' is daar die dinamiese, die voortgaande en voortstuwende. Sommige sê: dit is *evolusie* — en dis waar. Ander benadruk *devolusie* — en dit is ook waar. Deesdae hoor ons van *revolusie* — en inderdaad, dit is ook waar. Al het ons 'n weersin teen evolusie en 'n smartlike bewustheid van devolusie, moet ons die revolusie sien as die onegte kind van 'n onsalige verhouding tussen die twee. Die evolusie het al dikwels vasgeloop, maar herinner ons tog dat die lewe nie

* Verskyn in: *Reformasie en Revolusie,* IBC-Publikasie, Potchefstroom 1974, 79 — 90.

stilstaan nie. Groeiende, bottende, ontplooiende lewe is goed, mits dit nie wilde lote word wat niks voortbring nie en die lewensappe onttrek aan die goeie boom. Devolusie herberg die dood, is ook beweging, maar in omgekeerde rigting en moet herstel word. Die mens hunker na daardie herstel. Maar die huidige tendens is dat die mens nie na Christus kom nie, maar na die revolusie gryp. Nou word alles in die klemgreep van revolusie vasgevat, so selfs dat ook Christus die groot revolusionêre figuur genoem word.

## 2. Die revolusie gaan oor God

Die revolusie het geleidelik gekom en in momentum toegeneem. Geen beter weergawe kan daarvan gegee word as H. Berkhof[1] en Berkouwer[2] daarvan gee in duidelike trekke. Ek gee dit kort weer:

2.1. Eeuelank was dit vanselfsprekend aanvaar dat God die wêreld geskep het, dat die mens in sonde geval het en deur Christus verlos is. Die Christendom se leer is in die hele wêreld vanselfsprekend aanvaar. Daar was heidene, ongelowiges en twyfelaars, maar hulle het as abnormaal gegeld. Dit was so tot na die Middeleeue.

2.2. Daarna kom die Aufklärung ± 1700, met sy wetenskaplike formule en redelike bewysvoering. Die Christelike leer en geloof kom onder die beloering van die rede en redelike bewysvoering. Daar is sprake van botsing tussen geloof en wetenskap. Baie dinge kom onder verdenking en die Christendom word bevraagteken.

Maar God bly darem nog vanselfsprekend — hier en daar wel skouerophalend en tog in hoofsaak aanvaar.

2.3. Toe kom die 19e eeu en God word *in die wêreld* onvanselfsprekend. Die revolusie begin openbaar word in openlike breuk. Ons noem die naam van Feuerbach, positivis en materialis. God het nie die mens na sy beeld geskep nie, maar die mens het God volgens sy mensbeeld geskep. Dis die eerste keer dat die projeksiegedagte na vore kom. Ons projekteer onsself, ons vermoëns of ons behoeftes en noem ons projeksie God. Met Freud het ons die vaderprojeksie wat hy God noem.

2.4. In die 20e eeu is die revolusie tot sy hoogtepunt gebring. Nou is die geloof in God die abnormale, 'n siekte van ons kultuur. Die Eksistensialisme het daartoe nog 'n laaste stoot gegee. In die tweede helfte van die 20e eeu beleef ons tergende sekularisasie. As ons dit moet tipeer, moet ons sê: God word ook in die kerk onvanselfsprekend.

Dit is die proses:

Die Christendom in die wêreld vanselfsprekend.
Net God in die wêreld nog vanselfsprekend.
God nie meer vanselfsprekend in die wêreld nie.
God nie meer vanselfsprekend in die kerk nie.

2.5. Berkouwer benadruk dieselfde. Die 19e eeu sluit af onder die hipnose van die evolusie-dogma en die 20e eeu begin met twee wêreldoorloë en bygevolg 'n pessimisme in die mens en sy kultuur, wat sulke wreedheid nie kon verhoed nie. Die mens lê versink in die put en oorlog word gesien as 'n Godsgerig wat hom neergeslaan het. Hierby sluit die revolusie aan en eis dat met die soort Christen-

dom gebreek moet word en ook met die God van die Christendom.

2.6. Dit was Barth wat nou 'n ander benadering tot die Skrif gegee het. Barth sê dat God sy Woord tot ons en op ons rig. Hy spreek tot ons tyd en ons behoeftes, aktueel en eksistensieel. God staan bo en buite ons en is ons aanbidding waardig. Maar Gods Woord kan nie los van ons wees nie. Dit moet gesubjektiveer word en via ons tot betekenisvolheid kom. Die Woord is aktueel en dit beteken dat ons self ingeskakel word in die openbaring. Sy aktualisme en dinamisme is dat Gods Woord in en deur my tot openbaring word. Ons kan sy tyd noem die van die neo-ortodoksie, hoewel Van Til spreek van „The new Modernism".

2.7. Heel gou het die teologie van Barth oud geword, teen alle verwagting in. Dit was te weinig revolusionêr en moes plek maak vir 'n neo-modernisme. Van Niftrik wat in 1949 entoesiasties oor Barth se krisisteologie geskryf het,[3] praat al in 1968 van die post-Barthiaanse teologie.[4]

Hy sê: „Waartegen revolteert de Nieuwe Theologie, het horizontalisme, het neo-modernisme, de futurologie, of welke naam u aan de post-Barthiaanse theologie wilt geven?" Hy gee self die antwoord: „Zij revolteert tegen een absolutistische dogmatiek, die zij als beschrijving van openbaringspositivisme opvat. Zij revolteert tegen de religie, de innerlijkheid, het piëtisme. Zij revolteert tegen ontologie en metaphysica. Zij revolteert tegen het theïsme. Zij revolteert tegen het Jenseits. Zei revolteert tegen de objectiviteit van het heil. Zij revolteert tegen de onverstaanbaarheid van de prediking en tegen het van-de-wereld-afgewend-staan van vele christenen. Zij revolteert tegen de erkenning van het sacrale, het religieuze; zij wil de saecularisering van leven en denken restloos erkennen".

As ons dit kort saamvat, moet ons sê dat die revolusie gaan teen elke vorm van objektiwiteit. Die mens is in alles betrokke en moet die sentrale wees en op hom is alles gerig. Ons praat gewoonlik van 'n vertikale, op God gerigte visie en van 'n horisontale visie wat ons lewe in die loop van ons geskiedenis insluit. Ons het werklik in die revolte daarmee te doen. Die revolusie gaan teen elke vorm van vertikalisering en uiter 'n sug om horisontalisering. Die leuse is: daar is maar één wêreld en dis die wêreld waarin ek leef. God staan nie bo hierdie wêreld nie maar is daarby betrokke. Vandaar dat die nuwere teologie net spreek, of by voorkeur spreek oor die mensvormigheid van God en nie meer oor God se wese en bestaan nie. Ons sou verkeerd wees as ons beweer dat die revolusie God se wese ontken. Ons sou reg wees as ons beweer dat hierdie geslag beweer dat hy weinig met God se wese te doen het. Hy het alleen belang by wie God vir my is. Ons kan met stelligheid beweer dat die paleisrevolusie op die gebied van die Teologie eintlik gerig is teen die objektiwiteit van God. U kan dit ook anders uitdruk: dit gaan teen die ruimtelike distansie tussen God en die mens, teen die wêreldbeeld van die Bybel en die voorstellinge van die Skrif, teen „Onse Vader wat in die hemele is", as dit natuurlik ruimtelik geneem word.

Saamgevat: die revolusie gaan oor God en sy verhouding tot ons.

### 3. Die revolusie gaan oor ons

Ons gaan nou besien hoe belangrik die mens in die tweede helfte van die 20e eeu geword het vanweë sy tegnologiese prestasies. Dis juis hierdie mens, nie in sy belangrikheid nie, maar juis in sy nood, in sy onselfstandigheid, in sy sedelike ontaarding, wat ons laat skrik. Ons wil hier handel oor ons en ons verhouding tot God. En werklik: hier hoor ons 'n sug uit die dieptes, uit die wanhopige. Die mens het veel bereik, soveel dat hy vir homself lewensgevaarlik geword het. Dit is sy nood, sy grafkuil wat hyself gegraaf het.

3.1. Wat is die vernaamste tipering van hierdie mens? Sy grootste eksistensiële vrees is dat hy „oortollig" sal wees, niksbeduidend. Dit is natuurlik 'n skrikwekkende gedagte: jy is nie meer nodig nie — niemand het jou nodig nie en niemand bekommer hom oor jou nie. Jy is sommer maar 'n oortollige woord op 'n volgeskrewe bladsy, 'n niksseggende wese waarsonder die lewe eintlik beter daaraan toe sal wees. Alles rondom jou is so oorvol lewe, dinamiese vooruitgang, gestimuleer deur iets wat een of ander mens uitgevind het. Maar die uitvindinge was juis die geleidelike bloedlating wat die mens uiteindelik neergevel het. As die dinge stadiger gegaan het, sou die Etiek miskien bygebly het, kon die geesteswetenskappe leiding gegee het. Maar dit het so vinnig gegaan dat die humaniora skoon agter geraak het.

3.2. U dink miskien dat dit 'n gewaagde stelling is. Kan die tegniek vinniger ontwikkel as 'n geesteswetenskap?

Dit is sodanig die geval dat J. H. van Wyk in 'n verhandeling dit só uitdruk:[5] „Watter invloed het die tegniek en die tegnologie op die Etiek? Tot watter mate moet die tegniese prestasies meetel in ons etiese beoordeling? Beheers die Etiek die tegniek of gebeur die omgekeerde? Mag, wat kan? Behoort die Etiek die tegniek te prinsipieer en te perspektueer — en in hoeverre?"

Die tegnologiese beheersing en oorheersing kan natuurlik die rede wees van die mens se onvermoë om die groot terrein wat hy oorwin het, te konsolideer. Op die oomblik skyn dit asof die mens met sy vernuf die oorlog gewen het, maar die vrede verloor het. Ons hele lewe staan in die lig van tegnologiese ontwikkeling.

Wat val alles hieronder?

Laat ons maar opnoem: artifisiële inseminasie, transplantasie van organe, geboortepil, eugenese en euthanasie, kernbom en ander oorlogsmiddele. Elkeen van hierdie revolusionêre ontwikkelinge stel aan ons vrae: is dit eties verantwoord? In hoevere mag ons meedoen? Is alles wat tegnies moontlik is, ook eties goed?

Bogenoemde tegniese prestasies staan in die naaste omgewing van die mens en sy persoonlike bestaan en voortbestaan. Dit het magsmiddele geword wat soos 'n swaard is in die hand van Lameg wat in sy grootheid 'n lied van goddeloosheid aanhef. Daar is egter die ander kant van die saak, tegnologiese ontwikkeling wat die mens klein maak en sy lewensbestaan bedreig. Ek noem hier veral die outomatiseringsapparate wat miskien meer as enigiets anders die revolusie bewerkstellig het. Ons het hier met die elkedagse lewe te doen en nie net met die nu-en-dan nie. Ken ons die

vermoë en invloed van die magtige rekenoutomaat wat eintlik 'n revolusie begin het in ons hele benadering tot die wiskundige wetenskappe? Hier is die mens verontpersoonlik, niks meer as net 'n paar gaatjies in 'n skyf nie. Maar die wiskunde kan nie nagelaat word nie, want anders kan hierdie dinge nie verder gepatenteer word nie. Tog het die wiskunde sy eie uitvinding sodanig geperfeksioneer dat dit, soos dit nou al by die musiek die geval is, net die speelplek geword het van die adel. Ons kyk maar net toe met verbasing of luister saam na bandopnames.

Ek het een outomaat genoem. Gaan kyk ook na ons fabrieke en u word getuie van outomate wat onder beheer staan van 'n tiental onopgeleide persone, wat dieselfde produksie lewer as 'n honderdtal opgeleide werkers en die werk word met groter korrektheid en eksaktheid, met presiesheid in afwerking gedoen.

Die mens het in 'n tegnologiese eeu klein geword. Sy ambagtelike vaardigheid wat hom dienskneg van God, tot elke goeie werk volkome toegerus gemaak het, het hom nou 'n masjienbediener gemaak. Die handgemaakte meubelstuk, tapyt, kledingstuk, het so peperduur geword dat ons hier ook by die speelplek van die rykes aanland. Die mens, die kunstenaar, die ambagsman, het bykans oorbodig geword. Hoe frustrerend moet dit nie wees nie. Dit is die kern van die eeu van die revolusie. Die tegnologie het tegnokrasie geword, heersugtig, tiranniek. In plaas van die lewe te verryk en te dien, het dit verslaaf. Tegnologiese hoogtes bring ons dus voor etiese dieptes wat net in 'n enkele woord saamgevat kan word: oortolligheid.

## 4. Die revolusie in ons verhouding tot God

Alles klink revolusionêr genoeg, maar u sal nou vra na die aanslag, die „impact" wat dit alles het op die teologiese terrein. Die wonderlike is dat hierdie mens in sy gekrenkte en bedreigde eksistensie, in sy ervaring van eie „oortolligheid", nie daarby berus nie. Eintlik is die revolusie in die etiek juis hiervan die klinkklare bewys.

4.1. Ons dui eers 'n paar revolusionêre trefpunte by 'n paar verteenwoordigers van die nuwe denkrigtings op teologiese gebied aan.

Onder invloed van Bultmann wat met sy bekende slagwoord „ontmitologisering" gekom het en 'n nuwe weg tot verstaan van die Skrifte geopen het, het verskillende teoloë 'n omwenteling in die Etiek bepleit.

Hoe kan 'n teoloog nog teoloog wees sonder om oor God te spreek? Die wyse waarop ons spreek, is bepalend vir alle teologiese wetenskappe. As ons nou hoor dat die Heilige Skrif aan sy eie tyd gebonde is, met eietydse denkpatrone, en dat ons, as ons die sin van die Skrif wil verstaan, eers moet ontmitologiseer, uitlig uit die outydse denkpatroon om tot suiwer begrip te kom, kan begryp word dat die gesag van die Skrif as normatiewe Boek, as kanon vir geloof en lewe, nou afhanklik gestel word van die mens. B. Duvenage praat van 'n „historiese relativeringsfilter" waardeur dit moet gaan.[6]

So 'n magtige wapen soos ‚ontmitologisering' het geblyk 'n hele

program te omvat, wat nie net gehanteer word om die Bybel te verstaan nie, maar was ook handig om die revolusie te bevorder. Kyk maar wat maak Robinson daarvan in sy boekie „Honest to God". Hy ontmitologiseer ons begrip van God, daarna van huwelik en kuisheid, en dan van norm en wet. God bestaan nie buite die mens nie, maar binne. God is die diepste in die mens, nie 'n Persoon nie, maar 'n begrip. God is liefde, geprojekteerde liefde. Daarom is God nie Iemand wat my kan beveel nie. Hy kan nie Tien Gebooie gee waaraan ek onderworpe is nie, wat my bind en ondergeskik maak en ondergeskik hou nie. Die mens moet selfstandig wees, volwasse, selfnormerend, gehoorsaam aan sy eie diepte. Dis nie beginsels en norme wat bepaal wat goed en reg is nie, wat dit preskriptief doen en dan moet ek daarby inpas nie. Nee — mense is belangriker as beginsels. Goed en kwaad, sedelik en onsedelik is afhanklik daarvan of dit uitdrukking is van liefde, van my liefde.

Daarom, die revolusie is: antilegalisme, antipreskripsionisme, antiteologie. Nie dat daar geen God is nie, maar daar is heeltemal niks nie. Ons het hier 'n antropologisering van die Teologie en ons tref dit oor 'n wye front aan. Die mens in sy eksistensie is sodanig in die middelpunt dat God dood verklaar word.

Een van die duidelikste verteenwoordigers van hierdie revolusionêre gedagte is seker Dorothee Solle. Sy stel dit die beste in haar werk „Stellvertretung" waar sy Christus teken as Middelaar, plaasbekleder wat in ons plek tree. Maar Christus bly nie Plekbekleder nie. Hy is dit net tydelik. Hy is slegs 'n voorlopige Christus. Christus loop voor ons uit en voor God uit. Hy kom na ons toe in ons diepste ellende, in ons magteloosheid en versmading. Christus skaam Hom nie vir ons toestand nie. Hy het na hoere, tollenaars en moordenaars gekom en ons ontmoet Hom in Sy Godverlatenheid. Sodra die leerling van Christus mondig geword het, eindig sy plaasvervanging en onttrek Christus Hom. So maak Hy ons wat onmondig was mondig, selfstandig en ons word vrye, sedelike en verantwoordelike mense. Ons word op ons pad geplaas. Nou het Christus oortollig geword en ons het volwasse geword.

Revolusie — en moenie net dink aan voorlopige plaasvervanging nie. Dis eintlik maar die minste. Die meeste is eintlik dat die oortollige mens 'n oortollige Christus bewerkstellig. Ons, sondige mense, het God nie nodig nie, maar God het ons nodig. God is van ons afhanklik en ons moet aan Hom 'n plek gee. Ons moet God weer op sy troon help deur Jesus na te volg. God kom na ons toe in die magteloosheid van Jesus van Nasaret, in sy Godverlatenheid aan die kruis.

U mag wel vra: „maar weet Solle dan nie van ‚Onse Vader wat in die hemele' is nie". Weet sy nie van die Vader-kind-verhouding nie? Welseker, maar sy beweer dat dit die dogmatiese God is en die dogmatiese Christus. Sy wil die Christus van die Etiek aanvaar en Hy gee aan ons mondigheid, terwyl die dogmatiese Christus ons onmondig hou.

Bonhoeffer gaan ook op hierdie weg. Mondigheid is die hoë ideaal. Ons mondigwording eis dat ons in hierdie wêreld moet

leef asof God nie bestaan nie. Ons ken sy woorde: „Voor en met God leef ons sonder God".

So koers die gees van revolusie. Dit kom maar neer op 'n projeksie. Soos wat die mens sy liefde projekteer in die volmaakte liefde en dit dan God noem, so projekteer hy ook sy eie belewing van oortolligheid en vind dit alles eintlik versink in die moedelose dieptes van algehele oortolligheid. Niks het meer waarde nie en die lewe het betekenisloos geword. En nou het God ook in die dieptes van eksistensiële oortolligheid verdwyn. Ons kan die frustrasie van vandag verstaan. Ons lees dit in ons letterkunde, ons sien dit in ons argitektuur en beeldende kunste. Die revolusie het geslaag om alles onbegryplik te maak in 'n grootse verwrongenheid. As God prysgegee word, het die lewe geen orde en reglynigheid meer nie en ook geen sin nie. Dis net God wat betekenis aan die lewe gee, wat tydelikheid in ewigheid laat oorgaan, wat die dood vernietig, wat slawebande en sondebande vernietig en ons weer kinders, koningskinders maak. Dit baat nie om te spreek van 'n dogmatiese God nie, of beter: God van die Dogmatiek nie. Die Dogmatiek skep nie God nie en as sy kennis van God onbeholpe is, het dit nog niks aan God self verander nie.

Die revolusie het bewerkstellig dat die Etiek geroep word om homself te verantwoord en teenoor die revolusie weer die Evangelie te stel.

5. U sal wel merk dat ek nie spreek oor die nagevolge of vruggevolge van hierdie verwilderde lote op ons samelewingsstruktuur nie. Ek waag my nie op alle ontsporinge, soos bv. op die gebiede van kleredrag of seksuele permissiwiteit nie. Ek spreek ook nie oor die revolusie teen bestaande gebruike of ordes op sosiale of politieke gebied nie, oor die skouerophalende koelheid oor die nasionale trots, taaltrots, eiesoortigheid nie. Daar is net nie meer 'n hart wat opspring van vreugde of verleë treur oor dit wat bereik is of dit wat verloor is nie.

5.1. Na die Tweede Wêreldoorlog het daar nuwe beklemtoninge gekom. Ons het almal bure geword omdat vinnige vervoer, televisie en ander kommunikasiemiddels distansies tussen kontinente laat verdwyn het. Daar is nie meer sprake daarvan dat 'n volk kan sê dat hy hom nie met ander volkere se sake bemoei nie. Die individuele kompartementele grense het finaal verdwyn. Tydelik sal daar nog eienaardighede eie aan bepaalde volke bly, maar uiteindelik sal die internasionalisme die nasionalsme totaal oorkoepel. Op alle gebiede vind ons die inkorporering van die kleinere in die grotere.

5.2. Ook op wetenskaplike en lewensbeskoulike gebied merk ons die tendens. Kuitert[7] wys daarop dat die Gereformeerde wêreld lank 'n eiesoortige en vaste patroon van teologiese benadering gehad het wat duidelik herkenbaar was. Die Gereformeerde front begin egter saam met ander één wêreld te word. Die Gereformeerde huis se vensters was eers oop en nou ook sy voordeur. Die kommunikasiemiddele het horisonverwyding tussen skole van geleerdheid, tussen lewensbeskouing gebring. Daarmee het die ou lyfspreuk: „In ons isolement is ons krag", verouderd geraak, net omdat daar nie so iets as afgesonderdheid kan wees nie.

Die skrif aan die muur is duidelik: ontgrensing het plaasgevind by Gereformeerdes en ook by Rooms-Katolieke en ons is getuies daarvan. Interwetenskaplike en ook interkerklike verhoudinge ontstaan wat eintlik kortgelede ondenkbaar was.

Die klimaat het verander en elkeen soek naarstig na aanknopingspunte. Konfessies en beginsels is skeidende faktore, maar dit word gelikwideer na dogmatisme. As daar nog so iets soos Dogmatiek moet wees, moet dit splinternuut geskryf word, sonder nadruk op die vasstaande en met 'n oop oog vir die veranderende, die wordende, die dinamiese.

So vind ons 'n verskuiwing in die Etiek wat byna onopgemerk plaasgevind het. Die subjek van die Etiek is nie meer die persoon nie maar die maatskappy waarin die persoon leef. Eers het ons geken die persoon en sy verhouding tot ander persone, die persoonlike gedrag en verantwoordelikheid, persoonlike vryheid en opoffering, persoonlike trou en ontrou. Dit is egter duidelik dat in die verstrengelde wêreld van vandag, die wêreld van kernwapens en sy bedreiginge, die komplekse lewe van arbeiders en werkgewers, alle verhoudinge wat uiting vind in terrorisme of maatskaplike verval, die Etiek voor heeltemal nuwe vrae gestel word. Daar kom 'n nuwe etiese subjek, die sosiale, en dit word al hoe meer benadruk.[8]

Dit is horisonverwyding en tekens van 'n nuwe baanbrekende benadering. Maar dit bring mee dat van ons ook 'n omwenteling in eie benadering verwag word. Dit gaan ons begrip te bowe. Maar wie kan revolusie verstaan? Dit het mos geen geskiedenis nie, omdat hy juis inbreuk doen op die gang van die geskiedenis. Dit pas hom nie aan by begrippe en denkpatrone van die verlede nie, maar verwerp, verbreek dit juis. Daarom moet ons ook nie probeer verstaan nie. Nie een van ons kan vanuit jou vroeëre standpunt hierdie revolusiewêreld begryp nie. Dit is soos iemand wat homself redelik op 'n tikmasjien kon behelp met twee vingers, maar toe wetenskaplike onderrig kom, moes hy alles vergeet en opnuut weer begin.

Die revolusie het ons onteien aan aanvaarde standaarde. Ons moet horisontaal dink en nie vertikaal nie. Ons moet eers die mens sien in sy geestelike nood en die teologie moet hom toespits op daardie mens. Die Bybel is gerig op die mens in sy samelewing, want sy nood is hier waar hy elke dag worstel en werk. Die kerk moet in die volle samelewing te staan kom en die samelewing dien. Eintlik moet die kerk sy vastighede prysgee en hom telkens verantwoord oor sy taak in die huidige nood.

Kuitert skryf[9] oor die kerk, die nuwe kerk en sy roeping: „Ik voor mij zie als nieuwe kerkstructuur in elk geval een instituut dat niet meer op het grote *moeten* drijft, maar op willen: een open kerk waarin de mensen binnenzwermen omdat ze verlangen naar onderwijzing en heilsverkondiging, en waar ze buiten blijven als ze nergens naar verlangen, en niemand vindt dat erg. Ik ben er ook hoe langer hoe huiveriger voor om met een dwingende leer voor de dag te komen. Let wel, ik geloof in de regte leer die te onderscheiden valt van de verkeerde. Maar moeten we echt aan iemand opdringen dat dit of dat de rechte leer is en hem vervolgens

ergens anders zijn heil laten zoeken als hij niet aanvaardt wat wij ervan vinden?"

Is so 'n standpunt werklik moontlik?

Wie kerk sê, sê tog God en godsdiens, moet tog sê Skrif en konfessie, moet tog ook praat van geskiedenis en Geesteswerking. Daar moet tog vertikale vastighede wees en nie maar net horisontale lossighede nie.

## 6. Ons en die maatskappy

Onder die mooier naam as revolusionêre teologie, word soms gespreek van nuwere teologie. Min of meer soos wat gespreek word van ontwikkelende volke as die bedoeling is die wat onder-ontwikkel is.

As gevra word na die nie-teologiese agtergrond van die revolusie, moet ons stel dat ons werklik hier weer 'n kopernikaanse omwenteling het: nie God is sentraal en alles wentel om Hom nie. Nee, die mens is sentraal en alles gaan om die mens.

Kuitert stel dit heeltemal korrek.[10] Hy sê die kern van die nuwere teologie kan saamgevat word in 'n enkele sinsnede: „Wij zijn er ook nog". Hy stel dit in die meervoud. Iemand het dit al in die enkelvoud gestel toe hy die kindjie in sy wieg laat sê: Hier is ek. Daar moet met my rekening gehou word.

God is daar en ons weet dit goed. Maar ek is ook daar en mag ook daar wees. Dit gaan tog om my by die prediking. Dit is tog ek wat in my geloof verstewig moet word en wat moet beantwoord aan etiese eise. Dis aan my wat moet verduidelik word wie God is en wat verlossing beteken en wat 'n deuglike Christelike handelwyse is.

Wie is dan die „ons" wat ook reg het om daar te wees?

Dis nie maar die begrip ,mens' nie. Dit is hierdie mens in hierdie bepaalde omstandighede. En hierdie mens is ek, ek as lid van die samelewing of maatskappy. Dit is hierdie mens wat in 'n bepaalde atmosfeer werk en leef, liefhet en sosiaal verkeer. Dit is hierdie mens wat totaal anders is as sy voorgangers, want hy is uitgehef uit die landelike en leef nou tussen betonstrukture. Dis die mens wat nie meer sy eie vurig begeerde lewe kan leef nie, want die staat en maatskappy dwing hom om volgens vaste maatskaplike patroon te leef.

Die gevolge hiervan vir die mens van vandag is tweërlei: Eers positief. Die sosiaal-etiese probleme het groot afmetings aangeneem. Die atmosfeer waarin hy sy bestaan moet voer, sy verdienste en status, sy veiligheid en ook sy vermoeienis, het van die mens 'n uithuisige wese gemaak. Hy soek kompensasie in ontvlugting. Ons het 'n nuwe maatskappy, 'n maatskappy op wiele wat voortdurend rol, wat aldeur op pad is, op soek na iets wat hy nie verloor het nie. Ook hier is geen vastigheid nie. Die wêreld van vandag het nie meer die mikroverbande van persoonlike vryheid, gesinsverband, huislike binding, kerklike en kultuurverbande nie. Veel meer het die internasionale makroverbande 'n bekoring verkry. „De leefwereld van de mens bestaat niet alleen in personele relaties, maar

ook in relaties tot onpersoonlijke instituten, vormen, structuren, instellingen en organisaties... De enige Ethiek die de naam waard is, is sociale ethiek".[11]

Maar ook negatief is daar 'n gevolg van hierdie ingewrongenheid in 'n keurslyf, dikwels nie van eie keuse nie. Dit bestaan in opstandigheid. Alles is so onnatuurlik, so hard en verbysterend haatlik. Ons leef glad nie eers meer op Gods aarde nie, maar in die lug. Dit bring 'n geweldige afkeer in die hele samelewing, so dat die mens net ewig wil protesteer. Dit is tog waar dat dit juis in Hillbrow is waar die losgelatenheid triomfeer. Hier word nie meer gevra na tradisionele waardes nie. Norme het vir die mens oortollig geword. Hy het sy kop verloor en nou is daar nie meer remme nie.

Luister na die emosie-belaaide uitroep: „Een gram echt geloof is beter dan een kilo kerklijke dogmas. Een vrije echte liefdesdaad, meer dan alle moraalpatronen".

Revolusie vra dus nie na 'n geleidelike oorgang na 'n nuwe vorm nie. Dit vra nie na verandering van norme, 'n modernisering of aanpassing van norme by nuwe situasies nie. Daar word normloos gehandel en geëis dat die samelewing geen norme moet hê nie. Ons doen wat ons wil en deur daardie daad bots ons met alle bestaande gewoontes en gebruike. Dit is nie maar 'n oproer teen tradisionalisme nie. Dit is 'n „revolte" van normloosheid wat dit win teen normatiwiteit. P. G. W. du Plessis het met sy proefskrif[12] 'n vraag gestel toe hy die eksistensiële revolusie onder die soeklig geneem het. Hy het gevra: Opskorting van die etiese?

Die antwoord kry ons elke dag.

Die mens is sy ervaring van eie oortolligheid, het alles oortollig verklaar. Wie God verlaat, het smart op smart te vrees.

Die kern van die revolusie is: Ons is ook nog daar.

Dit kan ook anders gestel word: Net ons is nog daar.

## VERWYSINGS


1 H. Berkhof in *Ekumeniese Leermag*, pp. 3—6.

2 G. C. Berkouwer in *Wereldoorlog en Theologie*, Kok, Kampen, 1945.

3 G. C. van Niftrik: *Een Beroerder Israels*, G. F. Callenbach, Nijkerk.

4 G. C. van Niftrik: *Theologische revolte*. Art. in *Revolte in de Theologie*, p. 19, G. F. Callenbach, Nijkerk.

5 J. H. van Wyk: *Etiek in 'n eeu van tegnologie en tegnokrasie*.

6 B. Duvenage: *Is die nuwe moraal rewolusionêr?* Art. in *Bulletin van die S.A. Vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap*, Sept. 1968, nr. 15.

7 H. M. Kuitert in *Gereformeerde Theologische Tijdschrift*, No. 4, Nov. 1966.

8 H. M. Kuitert: *Sociale Ethiek en Geloof in Jezus Christus*, Kok, Kampen, 1967.

9 H. M. Kuitert: *Geref. Theol. Tijdschrift*, Februarie 1969.

10 H. M. Kuitert: Art. in *Revolte in de Theologie*. Niet-Theologische achtergronden van de zogenaamde Vernieuwingstheologie, p. 33.

11 H. M. Kuitert: *Sociale Ethiek en Geloof in Jezus Christus*, pp. 22, 23.

12 P. G. W. du Plessis: *Die opskorting van die etiese*.